Kraggakamma Gemeente

Ons is God se fontein van liefde

WELKOM | Groot op genade

"Die Here is ons Herder..."

Kuberkamma

23 - 29 Februarie 2020

Romeine 8 vers 39 (NLV)

"Ja, hoegenaamd niks daarbo of onder in die dieptes of elders in die skepping sal ons kan skei van die liefde wat God in Chrisus Jesus ons Here vir ons het nie."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

09h00 Eietydse Diens - Nagmaal
Geen Kategese
Die deurdankoffer gaan vir **Sinodaal – Hulp aan Gemeentes**

Program vir die Week

25 Februarie	19h00	Leef@Kerk
26 Februarie	18h30	Aswoensdagdiens
27 Februarie	9h30	Fonteinvriende kuier saam met Yoti die Griekse Boertjie
28 Februarie	05h00	Mannebyeekms te Lilylaan 68
	19h00	Mathys Roets

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge

Bid saam dat Christene wat in Libië woon, bakens sal wees van Christus se vrede te midde van onrus en geweld en dat nie-gelowiges so nader aan Christus sal beweeg.

Foto

Preke

Die preke van Sondag 2 en 16 Februarie is op die **webwerf** beskikbaar.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

23 Februarie	André Basson, Charlotte Janse van Rensburg, Thinus Malan en Candice van Rooyen
24 Februarie	Jalita Jordaan, MC Maree, Telana Mouton, Henry Mulder, Dean Nel en Evan Strydom
25 Februarie	Marius Breytenbach, Christo Coetzee, Wayne Muller, Eunette Stoltz, Peto van Rooyen en Rick Vosloo
26 Februarie	Elise Coetzee, Marie Greeff, Amanda Janse van Rensburg, Morné Meiring, Selmarie Morgan, Lynette van der Walt, Tanya van Rensburg en Issie Venter
27 Februarie	Johan Conradie, Johny de Beer, Kayla du Preez, Ella Grobler, Boots Nelmapius, Lily Vosloo en Mario Weitz
28 Februarie	Nic Botha, Hayley du Preez, Ronel Hamilton, Nina Kloppers, Dirk Kotze, Theo Noble, Susan Olivier, Christian Pretorius en Gerry van Eeden
29 Februarie	George Strydom

Padkos

Dit gaan nie oor geld nie, dit gaan oor onsself

Vrygewigheid is die wagwoord vir enige Christen. Dit behoort spontaan, aanhoudend en maklik te gebeur. Toe nie! Suinigheid wen. Kerke spaar hulle geld vir reënerige dae. Gelowiges draai hulle sente twee keer om. Mense hou hulle besig met teoretiese vrae soos: "moet ons tiendes gee, of nie?" "Is dit bruto of netto tiendes?" Hierdie is uitgediende vrae. Dit begin by die verkeerde vertrekpunt, naamlik by geld, en nie by Christus en onsself nie. In 2 Korintiërs 8:9 leer Paulus dat Christus wat ryk was om ons onthalwe arm geword het sodat ons in Hom kan ryk wees. Dit gaan oor Jesus wat Homself as offer gegee het wat nou ons rolmodel is wanneer weggee ter sprake is. Vanuit ons verhouding met Hom, gee ons onsself. Ons gee onsself as lewende offers aan die Here aan ander. Ons gee ons tyd, ons talente, ons gawes, ons geld. Dit gaan nie eerstens oor geld nie, maar oor onsself. Ons gee tydig en ontydig. Ons gee sonder voorwaardes. Ons gee met blye harte. Die groot vraag is dus of ons onsself onvoorwaardelik aan Christus se diens en aan ander gee. Dan sal ons geld vanself volg, en ruim ook…!

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com